



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 20c Prys
Overseas 30c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 113]

CAPE TOWN, 29 NOVEMBER 1974

[No. 4521

KAAPSTAD, 29 NOVEMBER 1974

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 2234. 29 November 1974.

No. 2234. 29 November 1974.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 90 of 1974: National Parks Amendment Act, 1974.

No. 90 van 1974: Wysigingswet op Nasionale Parke, 1974.

WET

Tot wysiging van die Wet op Nasionale Parke, 1962, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf of nader te omskryf; die oogmerk met die instelling van 'n nasionale park meer in besonderhede te bepaal; voorsiening te maak vir die aanstelling van die Administrateurs van die provinsies as lede van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke; die werksaamhede en bevoegdhede van genoemde Raad verder te reël; die toekenning van bykomende geriewe aan 'n beampte of werknemer van daardie Raad te reël; 'n verwysing na die jaarlikse verslae van genoemde Raad wat verval het, te skrap; vir sekere misdrywe nuwe voorsiening te maak en sekere strawwe te wysig; die regte van die eienaar van oewergrond met betrekking tot 'n openbare stroom wat deel van 'n nasionale park uitmaak, verder te reël; vermoedens te skep ten opsigte van sekere oortredings van genoemde Wet; en die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig nader te omskryf; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 14 November 1974.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 42 van 1962, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 93 van 1965 en artikel 1 van Wet 5 van 1967.

1. Artikel 1 van die Wet op Nasionale Parke, 1962 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van „jag” deur die volgende omskrywing te vervang:
„„jag”, met betrekking tot 'n dier, om dood te maak, na te skiet, te vang of te probeer vang, of om te agtervolg, na te soek of voor te lê met die opset om te dood, te skiet of te vang;”;
- (b) deur die omskrywing van „Minister” deur die volgende omskrywing te vervang:
„„Minister” die Minister van Landbou;”;
- (c) deur na die omskrywing van „regulasie” die volgende omskrywing in te voeg:
„„steur”, met betrekking tot 'n dier, om opsetlik of nalatiglik te beseer, te terg, te ontstel, te hinder, in te meng met, met enige voorwerp te gooi of aggressief te maak;”;
- (d) deur die omskrywing van „val” deur die volgende omskrywing te vervang:
„„val” enige toestel of stof waarmee of deur middel waarvan 'n dier gevang kan word;”;

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

ACT

To amend the National Parks Act, 1962, so as to define or further define certain expressions; to determine in greater detail the object of the constitution of a national park; to provide for the appointment of the Administrators of the provinces as members of the National Parks Board of Trustees; to further regulate the functions and powers of the said Board; to regulate the granting of additional facilities to an officer or employee of that Board; to delete a reference to the annual reports by the said Board which has lapsed; to make new provision for certain offences and to amend certain penalties; to further regulate the rights of the owner of any riparian land in relation to a public stream included in a national park; to create presumptions in respect of certain contraventions of the said Act; and to further define the power to make regulations; and to provide for incidental matters.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 14 November 1974.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section 1 of the National Parks Act, 1962 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion after the definition of "board" of the following definition:

"'disturb', with reference to an animal, means wilfully or negligently to injure, to tease, to alarm, to hinder, to interfere with, to throw an object at or to make aggressive;"

(b) by the substitution for the definition of "hunt" of the following definition:

"'hunt', with reference to an animal, means to kill, shoot at, capture or attempt to capture, or to follow or search for or lie in wait for with intent to kill, shoot or capture;"

(c) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of Agriculture;" and

(d) by the substitution for the definition of "trap" of the following definition:

"'trap' means any device or substance with which or by means of which an animal can be captured;"

Amendment of section 1 of Act 42 of 1962, as amended by section 1 of Act 93 of 1965 and section 1 of Act 5 of 1967.

Wet No. 90, 1974

WYSIGINGSWET OP NASIONALE PARKE, 1974

Vervanging van artikel 4 van Wet 42 van 1962, soos vervang deur artikel 1 van Wet 56 van 1969.

2. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Oogmerk van 'n park. 4. Die oogmerk met die instelling van 'n park is die totstandbrenging, bewaring en bestudering daarin van die wilde dierelewe, seelewe en plantelewe en van voorwerpe van geologiese, argeologiese, historiese, etnologiese, oseanografiese, opvoedkundige en ander wetenskaplike belang en voorwerpe wat betrekking het op bedoelde lewe of eersbedoelde voorwerpe of op gebeurtenisse in of die geskiedenis van die park, op so 'n wyse dat die gebied wat die park uitmaak, sover doenlik en tot voordeel en genot van besoekers, in sy natuurlike staat behoue bly.”

Wysiging van artikel 5 van Wet 42 van 1962.

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) (a) Die raad bestaan, behoudens die bepalings van paragraaf (b), uit die Administrateurs van die vier provinsies en agt ander lede deur die Staatspresident aangestel te word, van wie—

- (i) een genomineer word deur die Genootskap tot Beskerming van Wilde Dierelewe van Suid-Afrika of, ingeval daardie Genootskap ophou om te bestaan, 'n deur die Minister aangewese genootskap wat die beskerming van wilde dierelewe ten doel het of, waar daardie Genootskap of so 'n genootskap in gebreke bly om 'n nominasie te doen, deur die Minister; en
- (ii) die oorblywende lede deur die Minister genomineer word.

(b) Indien die Administrateur van 'n provinsie die Staatspresident skriftelik in kennis stel dat hy nie in die raad wil dien of langer wil dien nie, stel die Staatspresident 'n lid van die betrokke uitvoerende komitee of provinsiale raad wat deur daardie Administrateur genomineer is of, indien so 'n lid nie deur hom genomineer word nie, 'n lid wat deur die Minister genomineer word, in die plek van daardie Administrateur aan.

(c) Een van die lede van die raad word deur die Staatspresident as voorsitter van die raad aangewys.”

Vervanging van artikel 6 van Wet 42 van 1962, soos vervang deur artikel 1 van Wet 48 van 1970.

4. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ampstermyn van lid van die raad. 6. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, beklee 'n lid van die raad wat deur die Staatspresident aangestel is sy amp vir dié tydperk van hoogstens vyf jaar wat die Staatspresident ten tyde van sy aanstelling bepaal, maar kan hy weer aangestel word.”

Wysiging van artikel 7 van Wet 42 van 1962.

5. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„7. 'n Lid van die raad wat deur die Staatspresident aangestel is, ontruim sy amp—”; en

(b) deur na paragraaf (c) die volgende paragraaf in te voeg:

„(cA) in die geval van 'n lid ingevolge artikel 5 (3) (b) aangestel, as hy ophou om 'n lid van die betrokke uitvoerende komitee of provinsiale raad te wees of as die Administrateur in wie se plek hy aangestel is, ophou om Administrateur van die betrokke provinsie te wees.”

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

2. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"Object of a park.

4. The object of the constitution of a park is the establishment, preservation and study therein of wild animal, marine and plant life and objects of geological, archaeological, historical, ethnological, oceanographic, educational and other scientific interest and objects relating to the said life or the first-mentioned objects or to events in or the history of the park, in such a manner that the area which constitutes the park shall, as far as may be and for the benefit and enjoyment of visitors, be retained in its natural state."

Substitution of section 4 of Act 42 of 1962, as substituted by section 1 of Act 56 of 1969.

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

Amendment of section 5 of Act 42 of 1962.

"(3) (a) The board shall consist, subject to the provisions of paragraph (b), of the Administrators of the four provinces and eight other members to be appointed by the State President, of whom—

(i) one shall be nominated by the Wild Life Protection Society of South Africa or, in the event of that Society ceasing to exist, any society designated by the Minister which aims at the protection of wild animal life or, where that Society or such a society fails to make a nomination, by the Minister; and

(ii) the remaining members shall be nominated by the Minister.

(b) If the Administrator of a province notifies the State President in writing that he does not wish to serve or to continue to serve on the board, the State President shall appoint in the place of such Administrator a member of the executive committee or provincial council concerned nominated by such Administrator, or if no such member is nominated by him, a member nominated by the Minister.

(c) One of the members of the board shall be designated by the State President as the chairman of the board."

4. The following section is hereby substituted for section 6 of the principal Act:

"Period of office of member of the board.

6. Subject to the provisions of this Act, a member of the board appointed by the State President shall hold office for such period, not exceeding five years, as the State President may determine at the time of his appointment, but shall be eligible for reappointment."

Substitution of section 6 of Act 42 of 1962, as substituted by section 1 of Act 48 of 1970.

5. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

Amendment of section 7 of Act 42 of 1962.

(a) by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"7. A member of the board appointed by the State President shall vacate his office—"; and

(b) by the insertion of the following paragraph after paragraph (c):

"(cA) in the case of a member appointed in terms of section 5 (3) (b), if he ceases to be a member of the executive committee or provincial council concerned or if the Administrator in whose place he has been appointed, ceases to be Administrator of the province concerned."

Wet No. 90, 1974

WYSIGINGSWET OP NASIONALE PARKE, 1974

Wysiging van
artikel 9 van
Wet 42 van 1962.

6. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Staatspresident kan 'n lid van die raad wat deur hom aangestel is, weens onbekwaamheid of wangedrag in sy amp skors.”.

Wysiging van
artikel 12 van
Wet 42 van 1962,
soos gewysig deur
artikel 3 van
Wet 93 van 1965,
artikel 16 van
Wet 98 van 1965
en artikel 2 van
Wet 5 van 1967.

7. (1) Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (i) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(i) die gelde hef wat hy bepaal in verband met 'n in paragraaf (d), (e), (f) of (g) bedoelde aangeleentheid of wat betaal moet word ten opsigte van verlof kragtens artikel 22 om 'n park te betree of daarin te woon;” en

(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Die raad kan vrystelling of gedeeltelike vrystelling verleen van betaling van enige van of al die gelde kragtens subartikel (2) (i) bepaal of die gelde betaalbaar ingevolge enige regulasie kragtens paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel 28 uitgevaardig, aan lede van die raad, aan 'n beampte en 'n werknemer en aan enige besondere ander persoon.”.

(2) Subartikel (1) word geag in werking te getree het op die datum van inwerkingtreding van die Hoofwet.

Wysiging van
artikel 14 van
Wet 42 van 1962,
soos gewysig deur
artikel 5 van
Wet 93 van 1965.

8. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Beampte of werknemer ontvang die besoldiging en toelaes en by aftreding die pensioen of gratifikasie (as dit toegestaan word), en aan hom word die woon- en ander geriewe in 'n park, met inbegrip van geriewe wat vir besoekers aan 'n park verskaf word, toegeken, en hy is geregtig op die voorregte, wat die raad redelik en gepas ag.”.

Wysiging van
artikel 16 van
Wet 42 van 1962,
soos gewysig deur
artikel 3 van
Wet 5 van 1967.

9. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) Die raad moet so gou doenlik na 31 Maart in elke jaar, 'n verslag van sy werksaamhede gedurende die jaar wat op daardie datum eindig aan die Minister voorlê.”.

Wysiging van
artikel 20 van
van Wet 42 van
1962, soos gewysig
deur artikel 6 van
Wet 93 van 1965.

10. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(c) in 'n park 'n dier jag of op 'n ander wyse opsetlik of nalatiglik dood of beseer nie;”;

(b) deur na paragraaf (c) van genoemde subartikel die volgende paragrawe in te voeg:

„(cA) in 'n park 'n dier steur nie;

(cB) in 'n park 'n eier of nes van 'n voël neem, beskadig of vernietig, of heuning uit 'n bynes haal nie;”;

(c) deur paragraaf (d) van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(d) opsetlik of nalatiglik 'n veldbrand of skade aan 'n voorwerp van geologiese, argeologiese, historiese, etnologiese, oseanografiese, opvoedkundige of ander wetenskaplike belang in 'n park veroorsaak nie;”;

(d) deur paragraaf (g) van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(g) 'n boom of ander plant (met inbegrip van enige seeplant) in 'n park vel of afsny, beskadig, verwyder of vernietig nie;”;

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

6. Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: Amendment of section 9 of Act 42 of 1962.

“(1) The State President may suspend any member of the board appointed by him from his office for incapacity or misbehaviour.”.

7. (1) Section 12 of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 12 of Act 42 of 1962, as amended by section 3 of Act 93 of 1965, section 16 of Act 98 of 1965 and section 2 of Act 5 of 1967.

(a) by the substitution for paragraph (i) of subsection (2) of the following paragraph:

“(i) make such charges as it may determine in connection with any matter referred to in paragraph (d), (e), (f) or (g) or which are to be paid in respect of permission under section 22 to enter or reside in a park;” and

(b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) The board may grant exemption or partial exemption from payment of any or all of the charges determined under subsection (2) (i) or the fees payable in terms of any regulation made under paragraph (d) of subsection (1) of section 28, to members of the board, to any officer and any employee and to any particular other person.”.

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the date of commencement of the principal Act.

8. Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: Amendment of section 14 of Act 42 of 1962, as amended by section 5 of Act 93 of 1965.

“(2) An officer or employee shall receive such remuneration and allowances and such retiring pension or gratuity (if any) and be granted such residential and other facilities in a park, including facilities provided for visitors to a park, and be entitled to such privileges as the board may deem reasonable and proper.”.

9. Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph: Amendment of section 16 of Act 42 of 1962, as amended by section 3 of Act 5 of 1967.

“(a) The board shall as soon as may be after 31 March of each year, submit to the Minister a report of its operations during the year ending on that date.”.

10. Section 20 of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 20 of Act 42 of 1962, as amended by section 6 of Act 93 of 1965.

(a) by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

“(c) within a park hunt or otherwise wilfully or negligently kill or injure any animal;”;

(b) by the insertion after paragraph (c) of the said subsection of the following paragraphs:

“(cA) within a park disturb any animal;
 (cB) within a park take, damage or destroy any egg or nest of any bird, or take honey from a beehive;”;

(c) by the substitution for paragraph (d) of the said subsection of the following paragraph:

“(d) wilfully or negligently cause a veld fire or any damage to any object of geological, archaeological, historical, ethnological, oceanographic, educational or other scientific interest within a park;”;

(d) by the substitution for paragraph (g) of the said subsection of the following paragraph:

“(g) cut, damage, remove or destroy any tree or other plant (including any marine plant) in a park;”;

Wet No. 90, 1974

WYSIGINGSWET OP NASIONALE PARKE, 1974

(e) deur na paragraaf (g) van genoemde subartikel die volgende paragraaf in te voeg:

„(gA) sonder verlof van die raad of 'n beampte of werknemer wat gemagtig is om sodanige verlof te verleen, in 'n park saad van 'n boom of ander plant verwyder nie;” en

(f) deur paragraaf (i) van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(i) 'n motorvoertuig in 'n park sonder 'n geldige bestuurderslisensie bestuur nie, of toelaat dat iemand anders 'n motorvoertuig in 'n park sonder 'n geldige bestuurderslisensie bestuur nie.”.

Wysiging van artikel 21 van Wet 42 van 1962.

11. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande voorts dat, as hy so 'n werk aanlê wat—

(a) dit vir mense of diere (behalwe waterdiere of amfibiese diere) maklik sou kan maak om die park in of uit te gaan, hy stappe moet doen om sodanige in- of uitgang blywend te verhinder;

(b) na die oordeel van die raad die ingang in die park teen die stroom op van waterdiere of amfibiese diere blywend kan verhinder, hy op versoek van die raad die stappe moet doen wat, na die oordeel van die raad, sodanige toegang moontlik sal maak,

en dat, as hy in gebreke bly om dit te doen, die raad sulke stappe kan doen en die koste daarvan op hom kan verhaal.”.

Vervanging van artikel 23 van Wet 42 van 1962, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 93 van 1965.

12. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Strafbepalings. 23. (1) Iemand wat die bepalings van artikel 20 (1) (c) oortree met betrekking tot 'n dier in die Tweede Bylae genoem, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van minstens vierhonderd rand en hoogstens agthonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens een jaar en hoogstens twee jaar of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel of subartikel (2) veroordeel is, kan hy tot sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss word, en as die hof wat so iemand aldus veroordeel, bevind dat die oortreding opsetlik was, kan die hof by 'n eerste of latere skuldigbevinding, benewens enige boete of gevangenisstraf waartoe so iemand gevonniss kan word, so iemand tot lyfstraf van hoogstens tien houevonniss.

(2) Iemand wat die bepalings van paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel 20 met betrekking tot 'n dier wat nie in die Tweede Bylae genoem is nie, of paragraaf (d) van daardie subartikel met betrekking tot 'n veldbrand oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van minstens honderd rand en hoogstens vyfhonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens drie maande en hoogstens agtien maande of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel of subartikel (1) veroordeel is, kan hy tot sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss word, en as die hof wat so iemand aldus veroordeel, bevind dat die oortreding opsetlik was,

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

- (e) by the insertion after paragraph (g) of the said subsection of the following paragraph:
“(gA) within a park remove seed from any tree or other plant without the permission of the board or any officer or employee authorized to grant such permission;”; and
- (f) by the substitution for paragraph (i) of the said subsection of the following paragraph:
“(i) drive a motor vehicle in a park without a valid driver’s licence, or permit any other person to drive a motor vehicle in a park without a valid driver’s licence.”.

11. Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the second proviso to subsection (2) of the following proviso: Amendment of section 21 of Act 42 of 1962.

“Provided further that, if he constructs any such work which—

- (a) might facilitate the entry into or the exit from the park of persons or animals (other than aquatic or amphibious animals) he shall take steps to prevent permanently such entry or exit;
- (b) in the opinion of the board, may permanently prevent the entry into the park upstream of aquatic or amphibious animals, he shall at the request of the board take such steps which, in the opinion of the board, will make such entry possible,

and that, if he fails to do so, the board may take such steps and recover the cost thereof from him.”.

12. The following section is hereby substituted for section 23 of the principal Act: Substitution of section 23 of Act 42 of 1962, as amended by section 7 of Act 93 of 1965.

“Penalties.

23. (1) Any person who contravenes the provisions of section 20 (1) (c) with reference to any animal specified in the Second Schedule, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of not less than four hundred rand and not more than eight hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not less than one year and not more than two years or, if such person has been previously convicted under this subsection or under subsection (2), he may be sentenced to such imprisonment without the option of a fine, and, if the court so convicting such person finds that the contravention was wilful, it may on a first or subsequent conviction in addition to any fine or imprisonment to which such person may be sentenced, sentence such person to corporal punishment not exceeding ten strokes.

(2) Any person who contravenes the provisions of paragraph (c) of subsection (1) of section 20 with reference to any animal not specified in the Second Schedule or paragraph (d) of that subsection with reference to a veld fire, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of not less than one hundred rand and not more than five hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not less than three months and not more than eighteen months or, if such person has been previously convicted under this subsection or under subsection (1), to such imprisonment without the option of a fine and, if the court so convicting such person finds that the contravention was wilful, it may on a first or sub-

kan die hof by 'n eerste of latere skuldigbevinding, benewens enige boete of gevangenisstraf waartoe so iemand gevonniss kan word, so iemand tot lyfstraf van hoogstens tien houe vonnis.

(3) Iemand wat die bepalings van artikel 20 (1) (cA) met betrekking tot 'n olifant, renoster, leeu, buffel of bobbejaan oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van minstens vyftig rand en hoogstens tweehonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens een maand en hoogstens drie maande of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel of subartikel (1) of ingevolge subartikel (2) met betrekking tot enige dier wat nie in die Tweede Bylae genoem is nie veroordeel is, met 'n boete van minstens honderd rand en hoogstens vierhonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens drie maande en hoogstens ses maande.

(4) Iemand wat die bepalings van artikel 20 (1) (cA) met betrekking tot 'n dier wat nie in subartikel (3) genoem is nie, oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel of subartikel (1) of ingevolge subartikel (2) met betrekking tot enige dier wat nie in die Tweede Bylae genoem is nie of ingevolge subartikel (3) veroordeel is, met 'n boete van hoogstens honderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(5) Iemand wat die bepalings van artikel 20 (1) (g) oortree met betrekking tot 'n boom of ander plant in die Derde Bylae genoem, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van minstens honderd rand en hoogstens vyfhonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens drie maande en hoogstens agtien maande of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel of subartikel (6) veroordeel is, kan hy tot sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss word, en as die hof wat so iemand aldus veroordeel, bevind dat die oortreding opsetlik was, kan die hof by 'n eerste of latere skuldigbevinding benewens enige boete of gevangenisstraf waartoe so iemand gevonniss kan word, so iemand tot lyfstraf van hoogstens agt houe vonnis.

(6) Iemand wat die bepalings van artikel 20 (1) (g) oortree met betrekking tot 'n boom of ander plant wat nie in die Derde Bylae genoem is nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van minstens vyftig rand en hoogstens tweehonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens een maand en hoogstens vier maande of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel of subartikel (5) veroordeel is, kan hy tot sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss word, en as die hof wat so iemand aldus veroordeel, bevind dat die oortreding opsetlik was, kan die hof by 'n eerste of latere skuldigbevinding benewens enige boete of gevangenisstraf waartoe so iemand gevonniss kan word, so iemand tot lyfstraf van hoogstens agt houe vonnis.

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

sequent conviction, in addition to any fine or imprisonment to which such person may be sentenced, sentence such person to corporal punishment not exceeding ten strokes.

(3) Any person who contravenes the provisions of section 20 (1) (cA) with reference to any elephant, rhinoceros, lion, buffalo or baboon, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of not less than fifty rand and not more than two hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not less than one month and not more than three months or, if such person has been previously convicted under this subsection or subsection (1) or under subsection (2) with reference to any animal not specified in the Second Schedule, to a fine of not less than one hundred rand and not more than four hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not less than three months and not more than six months.

(4) Any person who contravenes the provisions of section 20 (1) (cA) with reference to any animal not specified in subsection (3), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of not more than fifty rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not more than one month or, if such person has been previously convicted under this subsection or subsection (1) or under subsection (2) with reference to any animal not specified in the Second Schedule or under subsection (3), to a fine of not more than one hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not more than three months.

(5) Any person who contravenes the provisions of section 20 (1) (g) with reference to a tree or other plant specified in the Third Schedule, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of not less than one hundred rand and not more than five hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not less than three months and not more than eighteen months or, if such person has been previously convicted under this subsection or subsection (6), he may be sentenced to such imprisonment without the option of a fine and, if the court so convicting such person finds that the contravention was wilful, it may on a first or subsequent conviction in addition to any fine or imprisonment to which such person may be sentenced, sentence such person to corporal punishment not exceeding eight strokes.

(6) Any person who contravenes the provisions of section 20 (1) (g) with reference to a tree or other plant not specified in the Third Schedule, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of not less than fifty rand and not more than two hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period of not less than one month and not more than four months or, if such person has been previously convicted under this subsection or subsection (5), to such imprisonment without the option of a fine and, if the court so convicting such person finds that the contravention was wilful, it may on a first or subsequent conviction in addition to any fine or imprisonment to which such person may be sentenced, sentence such person to corporal punishment not exceeding eight strokes.

Wet No. 90, 1974

WYSIGINGSWET OP NASIONALE PARKE, 1974

(7) Subartikels (1), (2), (3), (4), (5) en (6) is nie ten opsigte van 'n veroordeelde persoon onder die ouderdom van agtien jaar van toepassing nie vir sover daardie subartikels 'n minimum straf bepaal.

(8) Behoudens die bepalings van subartikels (1), (2), (3), (4), (5) en (6), is iemand wat 'n bepaling van hierdie Wet oortree of wat versuim om te voldoen aan 'n wettige opdrag van 'n lid van die raad of 'n beampte of werknemer of wat sodanige lid of 'n beampte of werknemer in die uitvoering van sy werksaamhede of pligte belemmer, aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of, as so iemand voorheen ingevolge hierdie subartikel veroordeel is, met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of by wanbetaling van sodanige boete met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(9) (a) Enige wapen, ontplofbare stof, val of gif wat by 'n oortreding van die bepalings van hierdie Wet gebruik is of wat 'n bestanddeel by so 'n oortreding uitmaak en enige dier (behalwe 'n huisdier) of artikel ten opsigte waarvan die bepalings van artikel 20 (1) (c), (cB) of (f) oortree is, word, benewens enige ander strawwe wat kragtens hierdie Wet opgelê kan word, aan die Staat verbeurd verklaar.

(b) 'n Voertuig of vaartuig wat gebruik is in verband met 'n oortreding van die bepalings van artikel 20 (1) (c) of (cB) kan, as die oortreding opsetlik was, aan die Staat verbeurd verklaar word tensy bewys word dat die veroordeelde persoon nie die eienaar van sodanige voertuig of vaartuig is nie en dat die eienaar daarvan nie die gebruik daarvan deur die veroordeelde persoon kon verhoed het nie.

(10) 'n Boete betaal of ingevorder ten opsigte van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet wat in 'n park gepleeg is, en enige wapen, ontplofbare stof, val, gif, dier, artikel, voertuig of vaartuig wat ingevolge subartikel (9) verbeurd verklaar is, word aan die raad oorbetaal of oorhandig.

(11) Enige hond (behalwe 'n hond wat in die wettige besit of bewaring van 'n beampte of werknemer is) wat in 'n park aangetref word, kan doodgemaak word."

Wysiging van artikel 25 van Wet 42 van 1962.

13. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

„(5) Indien by die vervolging van 'n persoon weens 'n oortreding van artikel 20 (1) (c) bewys word dat hy in die betrokke park—

(a) 'n dier, 'n karkas van 'n dier of deel van sodanige karkas in sy besit gehad het of gehanteer het;

(b) met 'n loslopende hond of honde gevind is;

(c) 'n val gestel of aangebring het; of

(d) 'n dier, 'n karkas van 'n dier of 'n deel van sodanige karkas uit of vanaf 'n val verwyder het,

word hy geag in daardie park onderskeidelik—

(i) daardie dier te gedood het;

(ii) met daardie hond of honde 'n dier te agtervolg het of na 'n dier te gesoek het met die opset om dit te dood of te vang;

(iii) met daardie val 'n dier te probeer vang het; of

(iv) daardie dier te gevang of te gedood het, tensy die teendeel bewys word.

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

(7) Subsections (1), (2), (3), (4), (5) and (6) shall not apply in respect of a convicted person under the age of eighteen years, in so far as those subsections provide for a minimum punishment.

(8) Subject to the provisions of subsections (1), (2), (3), (4), (5) and (6), any person who contravenes any provision of this Act or who fails to comply with a lawful instruction of any member of the board or any officer or employee or who obstructs any such member or any officer or employee in the execution of his functions or duties, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or in default of payment of such fine to imprisonment for a period not exceeding three months, or, if such person has been previously convicted under this subsection, to a fine not exceeding two hundred rand or, in default of payment of such fine, to imprisonment for a period not exceeding six months.

(9) (a) Any weapon, explosive, trap or poison used in contravening any provision of this Act or which forms an element in any such contravention and any animal (other than a domestic animal) or article in respect of which the provisions of section 20 (1) (c), (cB) or (f) has been contravened shall, in addition to any other punishments which may be imposed under this Act, be declared forfeited to the State.

(b) Any vehicle or vessel used in connection with a contravention of the provisions of section 20 (1) (c) or (cB) may, if the contravention was wilful, be declared forfeited to the State unless it is proved that the person convicted is not the owner of such vehicle or vessel and that the owner thereof could not have prevented its use by the person convicted.

(10) Any fine paid or recovered in respect of an offence under this Act committed within a park, and any weapon, explosive, trap, poison, animal, article, vehicle or vessel forfeited in terms of subsection (9), shall be paid over or delivered to the board.

(11) Any dog (except a dog in the lawful possession or custody of an officer or employee) found within a park may be destroyed."

13. Section 25 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections: Amendment of section 25 of Act 42 of 1962.

"(5) If in any prosecution of a person for a contravention of section 20 (1) (c) it is proved that in the park concerned he—

- (a) had in his possession or handled any animal, carcass of any animal or part of such carcass;
- (b) was found with a dog or dogs running loose;
- (c) set or constructed a trap; or
- (d) removed any animal, any carcass of any animal or any part of such carcass out of or from any trap, he shall be deemed—

- (i) to have killed such animal;
- (ii) to have followed an animal or to have searched for an animal, with such dog or dogs, with intent to kill or capture such animal;
- (iii) to have attempted to capture an animal with such trap; or
- (iv) to have caught or killed such animal, respectively, in such park, unless the contrary is proved.

Wet No. 90, 1974

WYSIGINGSWET OP NASIONALE PARKE, 1974

(6) Indien by die vervolging van 'n persoon weens 'n oortreding van artikel 20 (1) (cB), (g) of (gA) bewys word dat hy in die betrokke park—

- (a) 'n eier of nes van 'n voël of vars heuning of 'n heuningkoek;
- (b) 'n boom of ander plant of 'n deel daarvan; of
- (c) saad van 'n boom of ander plant, in sy besit gehad of gehanteer het, word hy geag in daardie park onderskeidelik—
 - (i) daardie eier of nes te geneem het of daardie heuning of heuningkoek uit 'n bynes te gehaal het;
 - (ii) daardie boom of ander plant of daardie deel daarvan af te gesny of te verwyder het; of
 - (iii) daardie saad sonder verlof van die raad of 'n beampte of werknemer wat gemagtig is om sodanige verlof te verleen, te verwyder het, tensy die teendeel bewys word.”.

Wysiging van artikel 28 van Wet 42 van 1962, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 93 van 1965.

14. (1) Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(e) die toelating van motorkarre of ander voertuie of van vaartuie en die neem van foto's in 'n park of enige ander aangeleentheid wat met die gebruik en genot van 'n park in verband staan;”;

(b) deur na paragraaf (m) van daardie subartikel die volgende paragraaf in te voeg:

„(mA) die instelling van liggamme om ondersoek in te stel na beweerde oortredings van hierdie Wet deur beamptes en werknemers, die oplê van tuge en strafmaatreëls ten opsigte daarvan, deur so 'n liggaam, die vasstelling, deur so 'n liggaam, van skade veroorsaak deur so 'n oortreding en van die aanspreeklikheid daarvoor, die verhaal van sodanige skade deur die raad op die betrokke beampte of werknemer en die wyse waarop so 'n ondersoek ingestel moet word en sodanige skade verhaal kan word;”.

(2) Paragraaf (a) van subartikel (1) word geag in werking te getree het op die datum van inwerkingtreding van die Hoofwet.

Wysiging van artikel 29 van Wet 42 van 1962.

15. Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde „Tweede Bylae” deur die woorde „Vierde Bylae” te vervang.

Invoeging van Tweede en Derde Bylaes by Wet 42 van 1962.

16. Bylaes 1 en 2 by hierdie Wet word hierby in die Hoofwet as die Tweede en Derde Bylaes na die Eerste Bylae by daardie Wet ingevoeg, terwyl die bestaande Tweede Bylae by die Hoofwet die Vierde Bylae by daardie Wet word.

Kort titel en inwerkingtreding.

17. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Parke, 1974, en die bepalings daarvan tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

- (6) If in any prosecution of a person for a contravention of section 20 (1) (cB), (g) or (gA) it is proved that in the park concerned he had in his possession or handled—
- (a) any egg or nest of any bird or fresh honey or any honeycomb;
 - (b) any tree or other plant or any part thereof;
 - (c) seed of any tree or other plant,
- he shall be deemed—
- (i) to have taken such egg or nest or to have taken such honey or honeycomb from a beehive;
 - (ii) to have cut or removed such tree or other plant or such part thereof; or
 - (iii) to have removed such seed without the permission of the board or any officer or employee authorized to grant such permission,
- respectively, in such park, unless the contrary is proved.”.
- 14.** (1) Section 28 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for paragraph (e) of subsection (1) of the following paragraph:

“*(e)* the admission of motor cars or other vehicles or of vessels to and the taking of photographs within a park or any other matter connected with the use and enjoyment of a park;” and
 - (b) by the insertion after paragraph (m) of that subsection of the following paragraph:

“*(mA)* the establishment of bodies to inquire into alleged contraventions of this Act by officers and employees, the imposition of disciplinary and punitive measures in respect thereof by any such body, the determination by any such body of any damage caused by any such contravention and of the liability therefor, the recovery of such damage by the board from the officer or employee concerned, and the manner in which any such inquiry shall be conducted and such damage may be recovered;”.
- (2) Paragraph (a) of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the date of commencement of the principal Act.
- 15.** Section 29 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words “Second Schedule” of the words “Fourth Schedule”.
- 16.** Schedules 1 and 2 to this Act are hereby inserted in the principal Act as the Second and Third Schedules after the First Schedule to that Act, the existing Second Schedule to the principal Act becoming the Fourth Schedule to that Act.
- 17.** (1) This Act shall be called the National Parks Amendment Act, 1974, and the provisions thereof shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.
- (2) Different dates may in terms of subsection (1) be fixed in respect of different provisions of this Act.

Amendment of section 28 of Act 42 of 1962, as amended by section 9 of Act 93 of 1965.

Amendment of section 29 of Act 42 of 1962.

Insertion of Second and Third Schedules to Act 42 of 1962.

Short title and commencement.

Wet No. 90, 1974

WYSIGINGSWET OP NASIONALE PARKE, 1974

Bylae 1

(TWEDE BYLAE BY WET NO. 42 VAN 1962)

Diere ten opsigte waarvan die bepalinge van artikel 23 (1) van toepassing is

Witwasjakkals, bakoorkakkals, silwerjakkals, bruinhiëna, maanhaarjakkals, jagluiperd, luiperd, leeu, rooikat, tierboskat, swartpootkat, ratel, otter (enige soort), groot-grysmuishond, kommetjiesgatmuishond, Meller se muishond, groot-witstertmuishond, olifant, swartrenoster, witrenoster, Kaapse bergkwagga, bosvark, seekoei, kameelperd, Natalse rooидуiker, blouduiker, steenbok, tropiese grysbok, Kaapse grysbok, Livingstone se suni, oorbietjie, klipspringer, rietbok, vaalribbok, rooiribbok, bastergemsbok, swartwitpens, gemsbok, rooihartbees, basterhartbees, bontbok, swartwildebees, eland, njala, buffel, samango-aap, ietermago, boomdassie, rooihaas, walvis (enige soort), tornyn (enige soort), see-olifant, see-luiperd, dugong, seeskilpad (enige soort), Laeveldse konsertinabekkurper, mahem, leikraan, bloukraan, pelikaan, witrug-nagreier, nagreier, swartreier, groot-witreier, reuse-reier, groot-witsprinkaanvoël, groot-swartsprinkaanvoël, klein-swartsprinkaanvoël, saalbek-ooievaar, nimmersat, oopbek-ooievaar, wolnek-ooievaar, skoorsteenvoël, lepelaar, flamink, dwerggans, makou-eend, sekretarisvoël, Egiptiese aasvoël, witaasvoël (Palmnut vulture), vlermuiskalk, witrui-arend, langkuif-arend, kroon-arend, visarend, lammergeier, paddavreter, visvalk, Afrikaanse boomvalk, edelvalk, slegvalk, kuifkoptarentaal, rooibors-vleikuiken, gevlekte vleikuiken, koningriethaan, watertrapper, gompou, veldpou, dwerg-langtoon, wtkop-kiewietjie, krombek-strandloper, bont-elsie, rooipoot-elsie, meerswawel (enige soort), klein-rooi-oog-tortelduif, kaneelduif, Knysna-papegaaie, Knysna-loerie, bloukuifloerie, swart-vleioerie, reuse-ooruil, visuil, wimpelvlerek-naguil, Boehm se stekelstert, palmwindswawel, bosloerie, knopsterttroupan, bromvoël, boomkruiper, Arnot se swartpiek, dassievoël, rooibors-bokmakierie, langstertspreu, paradysvink.

Bylae 2

(DERDE BYLAE BY WET NO. 42 VAN 1962)

Bome of ander plante ten opsigte waarvan die bepalinge van artikel 23 (5) van toepassing is

Acacia xanthophloea (koorsboom), Adenia spp. (kaasplante), Adenium spp. (impalalies), Albizia adianthifolia (platkroonvals-doring), Albizia amara var. sericocephala (Vendaland-vals-doring), Albizia tanganyicensis (Papierbasvalsdoring), Aloe angelica, Aloe exelsa, Aloe littoralis, Aloe polyphylla, Aloe vandermerwei, Anthocleista grandiflora (boskoorsboom), Apodytes dimidiata (witpeer), Atalaya alata, Buddleia saligna (witoliën-hout), Calodendrum capense (Boesmanstee), Celtis africana (witstinkhout), Ceropegia spp., Combretum woodii, Commiphora harveyi (bruin-kanniedood), Commiphora marlothii (wit-papierbas-kanniedood), Commiphora tenuipetiolata (poeierstamkanniedood), Cordyla africana (wildemango), Cyrtanthus contractus (brandlelie), Dalbergia nitidula (pershout), Decabellone grandiflora, Dietes prolongata, Dioscorea spp., Diospyros dicrophylla (tolbos), Diospyros whyteana (swartbas), Drypetes mossambicensis (sandpeer), Duvalia polita, Encephalartos spesies (broodbome), Erythrina humeana (dwerg-kafferboom), Erythrina lattissima (grootblaar-kafferboom), Eucomis undulata (pynappelblom), Fagara davyi (perdepram), Faurea saligna (boekenhout), Ficus sansibarica (Angolawildevy), Gyrocarpus americanus („propellor tree”), Halleria lucida (notsing), Cyathea capensis (boomvaring), Homalium dentatum (basterwitstinkhout), Hoodia gordonii (jakkalsghaap), Kiggelaria africana (speekhout), Kirkia wilmsii (bergsering), Linociera battiscombei (grootblaar-ysterhout), Maerua angolensis, Manilkara concolor, Maytenus peduncularis (swarthout), Newtonia hildebrandtii, Nuxia floribunda (vlier), Ocotea bullata (stinkhout), Olea africana (olienhout), Olea capensis (ysterhout), Oncoba spinosa, Pachypodium saundersiae, Pachypodium sp., Pavetta edentula, Pittosporum viridiflorum (witboekenhout), Podocarpus falcatus (outeniekwageelhout), Podocarpus latifolius (opregtegeelhout), Pterocarpus angolensis (kiaat), Pterocarpus antunesii (doringkiaat), Pterocelastrus tricuspidatus (kershout), Rapanea melanoploeos (boekenhout), Rhus chirindensis (bostaabos), Rothmannia fischeri (Rhodesiese katjiepiering), Salix capensis, Schizostylis sp. (rivierlelie), Sesamothamnus lugardii, Stadmannia oppositifolia subsp. rhodesica, Stangeria eriopus, Warburgia ugandensis, Wrightia natalensis, Xeroderris stuhlmannii, Xylia torreana; alle spesies van die Proteaceae- en die Orchidaceae-familie.

NATIONAL PARKS AMENDMENT ACT, 1974

Act No. 90, 1974

Schedule 1.

(SECOND SCHEDULE TO ACT NO. 42 OF 1962)

Animals to which the provisions of section 23 (1) apply

Side-striped jackal, bat-eared fox, silver jackal or Cape fox, brown hyena, aardwolf, cheetah, leopard, lion, caracal, serval, black-footed cat, honey badger, otter (any species), Cape ichneumon, water mongoose, Meller's mongoose, white-tailed (giant) mongoose, elephant, black rhinoceros, white rhinoceros, mountain zebra, bushpig, hippopotamus, giraffe, Natal duiker, blue duiker, steenbuck, Sharp's grysbok, Livingstone's suni, oribi, klipspringer, reedbuck, vaal reedbuck, mountain reedbuck, roan antelope, sable antelope, oryx, red hartbeest, tsessebe, bontebok, black wildebeest, eland, nyala, Cape buffalo, samango monkey, scaly anteater, tree dassie, red hare, whale (any species), dolphin (any species), elephant seal, leopard seal, dugong, marine turtle (any species), yellow-bellied bream or concertina-mouth bream, crowned crane, wattled crane, blue crane, white pelican, white-backed night heron, night heron, black heron, great white egret, goliath heron, white stork, white-bellied stork, black stork, saddlebill, wood stork, openbill, woolly-necked stork, sacred ibis, spoonbill, flamingo, pygmy goose, Moccoa duck, secretary bird, Egyptian vulture, palmnut vulture, bathawk, black eagle, long-crested eagle, crowned eagle, fish eagle, bearded vulture, African march harrier, osprey, African hobby, lanner falcon, peregrine falcon, crested guinea-fowl, red-chested flufftail, buff-spotted flufftail, purple gallinule, finfoot, Kori bustard, Stanley bustard, lesser jacana white-crowned plover, curlew sandpiper, avocet, black-winged stilt, tern (any species), Angola mourning dove, cinnamon dove, brown-necked parrot, Knysna loerie, purple-crested loerie, black coucal, wood owl, giant eagle owl, fishing owl, pennant-wing nightjar, Boehm's spinetail, palm swift, Narina trogon, racquet-tailed roller, ground hornbill, spotted creeper, Arnot's chat, mocking chat, gorgeous bush shrike, long-tailed starling, paradise whydah.

Schedule 2

(THIRD SCHEDULE TO ACT NO. 42 OF 1962)

Trees or other plants to which the provisions of section 23 (5) apply

Acacia xanthophloea (Fever tree), Adenia spp. ("kaasplante"), Adenium spp. (Impala lilies), Albizia adianthifolia (Flat-crown), Albizia amara var. sericocephala ("Vendaland-valdsdoring"), Albizia tanganyicensis (Paper-bark tree), Aloe angelica, Aloe elxelsa, Aloe littoralis, Aloe polyphylla, Aloe vandermerwei, Anthocleista grandiflora (forest fever tree), Apodytes dimidiata (white pear), Atalaya alata, Buddleia saligna (bastard olive), Calodendrum capense (Cape chestnut), Cassine crocea (saffran wood), Cassine kraussiana (red pear), Catha edulis (Bushman's tea), Celtis africana (white stinkwood), Ceropegia spp., Combretum woodii, Commiphora harveyi (cork tree), Commiphora marlothii ("wit-papierbas-kanniedood"), Commiphora tenuipetiolata ("poeierstamkanniedood"), Cordyla africana (wild mango), Cyrtanthus contractus (fire lily), Dalbergia nitidula ("pershout"), Decabelone grandiflora, Dietes prolongata, Dioscorea spp., Diospyros dicrophylla (poison peach) Diospyros whyteana (blackbark), Drypetes mossambicensis ("sandpeer"), Duvalia polita, Encephalartos species (Cycads), Erythrina humeana (small kaffir tree), Erythrina latissima (broad-leaf kaffir tree), Eucomis undulata (pineapple flower), Fagara davyi (knobwood), Faurea saligna (red beech), Ficus sansibarica (Angolan wild fig), Gyrocarpus americanus (propellor tree), Halleria lucida (notsing), Cyathea capensis (tree fern), Homalium dentatum ("basterwitstinkhout"), Hoodia gordonii ("jakkalsghaap"), Kiggelaria africana (wild peach), Kirkia wilmsii (mountain seringa), Linociera battiscombei ("grootblaarysterhout"), Maerua angolensis ("knoppiesboontjie"), Manilkara concolor, Maytenus peduncularis (Cape blackwood), Newtonia hildebrandtii, Nuxia floribunda (wild elder), Ocotea bullata (stinkwood), Olea africana (wild olive), Olea capensis (black ironwood), Oncoba spinosa, Pachypodium saundersiae, Pachypodium sp., Pavetta edentula, Pittosporum viridiflorum ("wit-boekenhout"), Podocarpus falcatus (Outeniqua yellowwood), Podocarpus latifolius (real yellowwood), Pterocarpus angolensis (kiaat), Pterocarpus antunesii ("doringkiaat"), Pterocelastrus tricuspidatus (cherry wood), Rapanea melanoploeos (Cape beech), Rhus chirindensis (red currant), Rothmannia fischeri (Rhodesian gardenia), Salix capensis, Schizostylis sp. ("riviertelie"), Sesamothamnus lugardii, Stadmannia oppositifolia subsp. rhodesica, Stangeria eriopus, Warburgia ugandensis, Wrightia natalensis, Xeroderris stuhlmannii, Xylia torreana; all species of the Proteaceae and Orchidaceae families.

